



CVO MARMER

Reg. no. : 2004/032149/08

Gedeelte H 206 C, Posbus 350, MARBLE HALL, 0450

Tel: (013) 261 2477 / Faks: (013) 261 2837 / Faks na e-pos: 086 219 1038

E-pos: marmar@lantic.net

DIE 15 VRAE - VRAELYS

1.. Verlang u Christelike-volkseie onderwys(CVO) vir u kind, dit wil sê 'n onderwys wat u kind as verbondskind en as volkskind opvoed?

GELOOFSGRONDSLAG

2.. Glo u in die Drie-enige God soos Hy Hom in die Bybel openbaar en dat Hy die Skepper en Onderhouer van alles is en dat alles uit Hom en deur Hom en tot Hom is.

3.. Glo u dat Jesus Christus die Seun van God is en dat Hy die enigste Verlosser van die mens is?

4.. Is Jesus Christus u persoonlike Saligmaker?

5.. Beskou u die Woord van God- die hele Woord en die Woord alleen- as onfeilbaar waar, as onfeilbare lewensrigsnoer en as onfeilbare bron van kennis van God?

6.. Erken u dat Gods Woord gesag het op elke terein van die lewe en elke terrein van kennis?

7.. Aanvaar u die drie Formuliere van Eenheid (die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls)

7,1 as getroue weergawe van die hoofwaarhede in Gods Woord,

7,2 as betroubare uitleg van Gods Woord,

7,3 as staande onder die gesag van Gods Woord, en

7,4 as u persoonlike geloofsoortuiging?

VOLKGRONDSLAG

8.. Glo u dat ons volk, die Boere-Afrikanervolk deur God Drie-enig in aansyn geroep is en Hom 'n besondere roeping ontvang het om Hom te dien, te eer en te gehoorsaam ooreenkomstig sy Woord?

9.. Glo u dat die Geloofte van Bloedrivier (1838) soos herbevestig te Paardekraal (1880) as geloftes vir die duur van ons volk eie se bestaan vir ons volk bindend is en nagekom moet word?

10.. Beskou u Afrikaans

10,1 as volkstaal, en

10,2 as u kind se moedertaal?

11.. Glo u dat ons volk deur God bestem is tot 'n afsonderlike en vrye volk met 'n eie toekoms?

12.. Beskou u die Christelike Republikeinse volkstaat (Boerevolk op eie volksbodem onder eie volksowerheid) as staatkundige bestel en bestemming vir ons volk?

13.. Onderskryf u die beginsel van selfwerkzaamheid as sleutel tot vryheid?

14.. Eerbiedig u die Voortrekker- en Republikeinse geskiedenis van ons volk en ons volk se eie tradisies, kultuur en gebruike?

CHRISTELIK - VOLKSEIE ONDERWYS

* is God-gerig

* is Bybels-gegrond

* is na inslag en aard deur ons Calvinisties Protestantse geloof-en lewensooruiging bepaal.

* beskou dit so dat die ouer, kragtens die genadeverbond en die doopbelofte, die primêre verantwoordelikhied vir die opvoeding van hul kinders het en dat opvoeding daarom in beginsel van die ouer uitgaan.

* het as hoofdoel die opvoeding van die kind tot

* selfstandige God na sy Woord dienende persoonlikheid, geskik en bereid om al die gawes wat hy van God ontvang het tot Gods eer, tot heil van ons medemens en tot uitvoering van God se kultuuroopdrag binne alle lewensverbande waarin God hom plaas, te bestee.

* egte Boere-Afrikaner met 'n egte liefde vir Afrikaans en vir die volkseie kultuur.

* handhaaf Afrikaans as moeder- en voertaal van ons onderwys.

15.. Vereenselwig u u met die besondere siening van die Christelik-volkseie Onderwys?

Hiermee verklaar ek dat ek "JA" antwoord op die bogenoemde 15 vrae in die vraelys en dit as my persoonlike geloofsoortuiging onderskryf.

VOLLE NAME (Vader)

HANDTEKENING

VOLLE NAME (Moeder)

HANDTEKENING